Jeug se Bydrae tot die Groot-momente in die Afrikaner se Volksgeskiedenis. F.A.K.-Jeugleierskursus Worcester 18/4/69.

191. T. 3 (30)

Ek waardeer van harte die mooi woorde van verwelkoming wat gerig is tot die adres van myself, van mev. en mnr. Oosthuysen wat saam met my hiernatoe gekom het. Vir my, en vir ons, is dit 'n bron van vreugde dat ons vanaand saam met u kan wees. Ek wil ook my waardering uitspreek vir die Jeugraad van die F.A.K., die F.A.K., die organisasie, soos ons voorsitter vermeld het, waarvan ek die eer het om sedert 1952 Voorsitter te wees, ~~my waardering teenoor die Jeugraad van die F.A.K.~~, my waardering teenoor die Gebiedskultuurraad Boland, my waardering veral ook vir die Afdeling Opvoeding Buite Skoolverband van die Departement van Kultuursake, d.w.s. die drie instansies wat verantwoordelik is vir hierdie kursus. Vir my is dit 'n ~~baie~~ groot voorreg om vanaand ~~hier~~ by hierdie geleentheid die openingsrede te lewer. En soos u sal gesien het op die program, is aan my die onderwerp gegee Die Bydrae van die Jeug tot die Hoofmomente in ons Volksgeskiedenis. Ek ~~maak my geen illusies nie,~~ ek weet dit is nie altyd so maklik om tot die Jeug te praat nie. Hier is baie van ons onderwysmanne wat dit sal besef. ~~'n politikus het eenkeer in Engeland gesê dat hy baie eerder met 'n verkiesing met die dokwerkers praat as met die jongmense, baie moeiliker om met die jongmense te praat.~~ Maar dit is 'n eer en voorreg om hier te wees, bly ons kan saam hier wees. Moet saamstem dat dit nie altyd so maklik is om met jongmense te praat nie. Dit kan seker veral 'n universiteitsprofessor sê, seker ook maar 'n onderywser in die skool. Sommige professore het nou die naam dat hulle nie altyd daarin slaag om hulle studente altyd wakker te hou nie. Grappie Amerikaanse professor wat voorlesing gee. Ek het eenkeer van 'n student van my, wat ek beskou het as 'n baie groot voorreg, 'n baie groot kompliment gekry, altans ek het gedink dis 'n kompliment, dit was so: die seun het gekom van 'n distrik nie ver hier van Worcester af nie. Verhaaltjie van seun wat in dag slaap want snags raas hulle te veel in koshuis. Dit is nie altyd so maklik om met jongmense te doen te hê nie, maar dit is vir ons baie noodsaaklik. Baie keer kry jy uit klein kindertjies se mond dinge wat jou dwing tot nadenke. Grappie Amsterdamse straatjonge. Ek het baie met jongmense te doen, en die lewe het my een ding geleer dat as jy met jongmense werk, dan moet jy dit doen met 'n sin vir humor. Dit pas nie een van ons nie, veral nie die opvoedkundige nie, om met 'n lang gesig deur die lewe te gaan nie. En as dit ook so is dat jongmense miskien skerpe uitdrukkinge gebruik, miskien dinge sê wat jy nie van hou nie, moenie haastig wees om te veroordeel nie, kyk eerder of daar

in sulke uitdrukkinge nie tekens van die skerpsinnigheid is wat dui op groot moontlikhede vir so 'n seun of dogter later in die lewe nie. Ons seuns en ons dogters moet uit die aard van die saak groot respek hê vir hulle leermeesters en leermeesteresse, vir ouer mense, maar ek dink ons moet almal probeer om ons jeug aan te moedig om soveel soos moontlik hulle verstand te ontwikkel en skerpsinnig deur die lewe te gaan.

Laat my meer bepaald nou kom by my onderwerp wat ek genoem het Die bydrae van die Jeug tot die groot momente in ons Volkslewe. Ek wonder as ek nou die onderwerp sou stel: sê die groot momente in ons geskiedenis en die bydrae van die jeug daartoe, wat ons presies daaronder sal en moet verstaan. Dit is heeltemal moontlik dat ons sal dink ons moet eers gaan vasstel wat is die hoof momente, wat is die groot momente in ons geskiedenis, en as ons dit vasgestel het dan moet ons nou nagaan wat het die jeug in verband daarmee gedoen. Dit is heeltemal denkbaar dat hier van ons is wat vanaand van my sal verwag dat ek hier 'n relaas moet gee, 'n lang uiteensetting moet gee, van besondere ~~of~~ heldedade van jong seuns en dogters. Dit kan ook baie interessant wees, dit kan vir ons baie besielend wees. Dit is ook miskien moontlik dat hier van ons aanwesig is wat sal verwag dat ek my eintlik nie moet bepaal by indiwiduele seuns en dogters nie, maar dat ek moet nagaan wat het die jeug gedoen by die groot momente van ons geskiedenis en dan probeer vasstel wat is die totaal daarvan. Wat is die betekenis daarvan, nie groot of belangrike daad van die een of die ander nie, wat miskien wel groot en belangrik en interessant kan wees, maar die totaal, die somtotaal, die ~~xaa~~ totaal van die betekenis van almal wat groot dade gedoen het , tesame. En dan vas te stel het dit betekenis in die groot momente van ons geskiedenis.

Ek sal bly wees as ons miskien baie noukeurig ons redenering in verband hiermee wil volg. Ek sê die een sal sê ek moet die hoof ~~xxe~~ momente soek, kyk wat die jeug gedoen het, die tweede sal sê ek moet indiwiduele gevalle van die jeug neem, seuns en dogters en kyk wat hulle gedoen het. 'n Derde sal sê ek moet probeer vasstel wat is nou die betekenis van die totaal van alles wat hierdie indiwiduele persone gedoen het. 'n Vierde kan sê: het hierdie bydrae van die jeug gehelp om koers en rigting te gee in die groot dinge wat daar in ons geskiedenis gebeur het. Dit is wat 'n mens jou kan voorstel, en ek dink hier is

seker nie een van ons nie of ons sal dadelik toegee, al hierdie gesigspunte is belangrik, dit is verskriklik belangrik. Ons is hier by 'n jeugleierskursus, ons moet oor hierdie dinge praat.

Hoe dit sy, ek dink ons het vanaand die taak om kortliks na te gaan in verband met die groot dinge in ons geskiedenis - wat het ons jeug gedoen, en hóé het hulle dit gedoen.

In die lig van die huidige omstandighede en die toekoms, wat is die vereistes vir 'n betekenisvolle bydrae deur ons jeug. Nou laat ek die eerste punt dan neem: Wat het ons jeug gedoen. Ek dink ek kan dit miskien die beste illustreer as ek 'n paar historiese voorbeelde neem. Laat ons 'n bietjie kyk na 'n paar gevalle van jongmense, seuns en dogters, wat in die een of ander tyd wat 'n hoogtepunt in ons geskiedenis was, opgetree het en iets gedoen het wat werklik van betekenis was. Daar is so baie voorbeelde hiervan, dat 'n mens nie weet waar of waarmee jy moet begin nie, en waar jy moet eindig nie. Maar laat ek net paar, wat ek beskou as verteenwoordigende voorbeelde, noem. Onwillekeurig dink ek aan die jaar 1838 - ek dink aan 'n groot gebeurtenis in Februarie van daardie jaar. Ek dink meer bepaald aan die skrikwekkende gebeure van die nag van 16 of 17 Februarie 1838. Ek dink aan die geleentheid toe die verspreide Voortrekkers daar in Natal oor die Bloukransrivier, Moordspruit, in die klein Tugela se gebied versprei gestaan het. Toe Piet Retief met 'n sestigtal manne na Dingaan gegaan het om 'n deel van die land vir die Voortrekkers te kry.
Ek dink ook daaraan hoedat baie van daardie Voortrekkers rykhalsend daarna uitgesien het dat Retief moet terugkeer, dat hy moet terugkeer en vir hulle moet sê: ons het nou 'n deel van Natal, die beloofde land, gekry. Ons dink ook aan daardie nag, die vroeë oggend, die oggenddonkerte van 16 Februarie toe daar in die verspreide Voortrekkerlaers op een plek skote gehoor word, en toe 'n man in die oggenddonkerte uitspring en sy vriende roep en sê: kyk, hoor, daar skiet die mense, hulle verwelkom Retief terug. En dat daar 'n baie bejaarde ou Vrootrekker uitkom en doodstil staan en luister, terwyl die ander nog bly is, sê hy: nee, as ons mense terugkom met goeie nuus dan word daar 'n paar (skote?) saggies geskiet en dit is verby. Dit skiet nie een een en dit hou nie aan nie - ek merk onraad - ons moet weet die onheil is op ons. En dat dit nie 'n halfuur later was nie dat die Zoeloe Impis op daardie verspreide Voortrekkers toegesak het, en in een nag honderde

mans en vroue en kinders om die lewe gebring het. Dit was seker in die geskiedenis van die Groot Trek die aangrypendste, die diepste uur van die nood. Die tyd toe die Voortrekkerleier, Gert Maritz, gesê het: nee, ons kan nie die moed laat val nie, toe hy sy mense bymekaar gemaak het in sy laer, want hy het daarop gestaan, m nie een van sy mense oor die Boesmansrivier nie, nie een versprei verder nie, gevolglik sy mense was bymekaar. Hy het hulle in sy laer bymekaar gekry en toe die Zoeloe Impis voort trek en aanval en uitmoor toe stuit hulle naderhand op die laer van Gert Maritz - 'n klein laertjie, 'n klein klompie mense. Maar hulle was voorberei en in daardie laer, terwyl Gert Maritz van sy familie, neefs, broers, sy swaer en vriende in daardie laer, vir hulle verdedig, toe het o.a. sy jong seuntjie, Johannes Stephanus, 10 jaar oud, en sy jong dogtertjie Deborah, 13 jaar, van een plek in die laer na die ander gehardloop onder die vallende assegaaie deur om kruit en lopers van die Voortrekkers wat die waens verdedig het, gedurig van ammunisie te voorsien. Dat Gert Maritz se vrou vir hierdie jong seun, Johannes Stephanus, gesê het: gee pad wat soek jy hier onder die groot mense; dat hy vir haar gesê het: Moeder ek gaan ook in hierdie stryd my deel bydra. Dit was 'n seuntjie van 10 jaar. Hy is bygestaan deur sy sustertjie van 13 jaar. Ek dink as ons vandag dink aan daardie tyd dan sal ons eerder geneig wees om te sê: ja, maar onder sulke aangrypende omstandighede, in daardie bange uur van die nood en dood kan groot mense dit doen, kan hulle staan teen die oormag, kan daardie kindertjies dit doen. Daardie Maritz-kinders, in Februarie 12 1838, is vir ons 'n voorbeeld van die bydrae van individuele kinders by 'n groot moment in ons geskiedenis.

Ek kan vir u ander voorbeelde noem. Ek kan vir u die mooi voorbeeld noem van Tienie Oosthuizen, miskien is hier van u seuns en dogters wat al in die geskiedenis van hom gelees het. Dit was ook na hierdie groot moord - Tienie Oosthuizen, 'n seun van sestien jaar, toe van die huisgesinne weggevlug het voor die Zoeloes, die Van Rensburgs en die Botmas, die Botmas is later almal uitgemoor, die Van Rensburgs het weggevlug tot naby 'n koppie in Estcourt in Natal, en op hierdie koppie vir hulle verskans en hulle verdedig teen die geweldige oormag van die Zoeloes, en naderhand het hulle gesien hulle ammunisie raak op, hulle kruit, hulle lopers, raak op, hulle sal vir hulle nie meer kan verdedig nie. Daar ver weg, agter die Zoeloes, het hulle waens gestaan. Op hulle waens was daar ammunisie, was daar kruit en lopers, maar hoe kom hulle daarby, hier is hulle 'n

klein klompie op die koppie vasgekeer, rondom lê die duisende van die Zoeloes. Toe kom daar 'n paar van die ander Voortrekkers wat hulle wou tegemoet snel, maar die digte muur van die Zoeloes is so, hulle kan nie daar deurkom nie, maar o.a. skree een van hulle gaan daar na die waens toe en bring vir ons kruit en lopers saam. Baie van die groot mense daar by het gevoel dit is 'n onbegonne taak - jy kan nie. En Tienie Oosthuizen, die jong seun, het sy perd gegryp, hy het gejaag na die waens toe en daar 'n sak kruit en lopers geneem en hy het teruggejaag, en hy het dwarsdeur die Zoeloes gejaag. En die merkwaardige feit is dat daardie Zoeloes nie 'n enkele asgaai op hom gegooi het nie. 'n Mens vra jou af waarom het dit gebeur. Later het 'n ou Zoeloe vertel: toe daardie jong seun kom en hy jaag tussen ons deur, het ons gesê: nee, maar hy is mos nie 'n mens nie, hy kan nie 'n mens wees nie, dit is 'n gees. En hy het deurgejaag en hy het die ammunisie gebring aan die vasgekeerde Van Rensburgs. Hulle het hulle opnuut begin verdedig en die verdediging was so geweldig, dat, tesame met die heldedaad van hierdie jong seun, die Zoeloes teruggetrek het, en dat hierdie groep, die paar huisgesinne van die Van Rensburgs, behoue gebly het. Dit is een van die mooi insidente uit ons geskiedenis, ook weer in verband met 'n hoof moment. Dit geld ook weer 'n indiwiduele daad van 'n indiwiduele seun.

Ek kon vir u baie ander voorbeelde noem maar ek dink ek moet nie te veel tyd hieraan bestee nie. Miskien kan ek nog net kortliks die een en ander noem. Daar is die pragtige voorbeeld van Dirkie Uys, U weet van die geval van Dirkie Uys, 16 jaar oud, hoedat hy toe sy vader Piet Uys, vasgekeer was deur die Zoeloes by Italeni-berg, hoedat hy toe hy weggery het met sy perd, saam met 'n paar ander Voortrekkers en toe hy omkyk, omtrent honderd tree terug, ~~toe hy~~ sien dat sy vader, wat swaar gewond was, hom probeer oplig en hy sien 'n hele paar Zoeloes toesak op sy vader, hy onmiddellik alles vergeet, alle aandag van sy eie persoonlike veiligheid, het hy vergeet en hy het teruggejaag deur na sy vader toe. Hy is daar aan die sy van sy sterwende vader swaar gewond en het hy nog driekeer, weet ons, gevuur op die Zoeloes, sodat drie van die vyand daar gesneuwel het, totdat ook hy self getref is deur 'n asgaai en langs sy vader daar gesterf het. Dat 'n mens kan doen wat hy gedoen het, in daardie tyd en daardie omstandighede, en jou persoonlike veiligheid totaal vergeet, en net dink aan jou vader wat daar is, al weet jy ook teen die honderde van die vyand het jy nie 'n hoop nie, maar jy vergeet jouself en jy doen dit.

Dit is besielende gebeurtenisse hierdie. Ek dink xxx aan die geval van Racheltjie de Beer, miskien 'n minderbekende geleentheid uit ons geskiedenis. U weet daar in die gebied tussen Wakkerstroom en Amersfoort in Transvaal kan dit in die wintertyd baie x koud word. Daar, xxxx ongeveer die jaar 1870, toe die boere daardie dele ingetrek het, hulle plase daar begin aanlê het, toe het daar een aand 'n baie swaar sneeustorm opgekom en die dogtertjie Racheltjie de Beer 11 jaar oud, was uit in die veld met 'n broertjie van haar, 5 jaar oud, en hulle is oorval deur die storm en dit het lateraan donker geword. Haar ouers was besorg oor hulle, die vader het uitgegaan met 'n aantal bediendes en gesoek na hulle, maar kon hulle nie kry nie. Toe dit die oggend lig word was daar 'n ou naturellebediende en hy het vir hulle gesê hulle moet weer gaan soek ~~en hulle het gaan soek~~ en hulle het in die sneeu, wat ondertussen opgehou het, spoortjies gekry. ~~en~~ Hulle het hierdie spoortjies gevolg en hulle het naderhand gekom by 'n miershoop waar die lykie van hierdie dogtertjie gelê het, voor die miershoop, en gevind dat sy omtrent al haar kleertjies uitgetrek het en dood gelê het. ~~voor daardie miershoop.~~ En toe hulle die lykie optel ~~en sien dat sy reeds dood was toe sien~~ vind hulle dat daar binne die miershoop, wat uitgehol was, soos dikwels in die Onderveld gebeur, ~~vind hulle~~ die broertjie toegedraai in haar kleertjies lê. Wat gebeur het is heeltemal duidelik. Toe die storm hulle daar gevang het en dit so koud geword het, was sy besorg oor haar broertjie, so bekommerd dat sy hom in haar kleertjies toegedraai het, en hom in daardie miershoop beskerm het en self voor daardie miershoop gaan lê het. ~~En~~ So het hierdie ou naturelle-bediende en haar ouers haar lyk daar gekry. Hulle het die seuntjie uitgehaal; ~~en~~ hy was byna verkluim; hulle het hom huistoe geneem en hy het later herstel. Dit is sulke dinge wat 'n mens aan die hand van indiwiduele gevalle 'n aanduiding gee van jong kinders se optrede in groot momente in ons geskiedenis.

Ek kan vir u die geval noem van Helena Lotriet, maar ek vrees ons tyd hiervoor raak verstreke. Die dogtertjie wat, toe sy daar in die noorde van Transvaal naby die Limpopo-rivier, 1888, ~~toe sy~~ met haar xx familie ~~daar~~ oorval is deur die Bamangwato, en ~~toe~~ 'n oom van haar ernstig gewond is, baie van daardie naturelle was gewapen met gewere, en die oom se been afgeskiet is deur die naturelle, het sy, weer vergetende heeltemal haar eie veiligheid, voor hom gaan posisie inneem, en ~~en~~ haar rokkie uitgesprei so groot as wat sy kon ten einde te voorkom dat die naturelle op haar oom kon korrel en hom doodskiet. Juis in daardie moment

het van die ander mans bygekom en het hulle haar en haar oom daar weggeneem. Is sy later herstel en toe hulle haar in veiligheid bring by die tent, het hulle gevind dat haar rokkie deur verskeie koeëlgate deurboor was. Sy het later herstel.

Dit is sulke dinge wat 'n mens baie diep laat dink oor die bydrae wat ons jeug gemaak het in hierdie groot momente in ons geskiedenis. Laat ek ten slotte nog net een puntjie noem in die verband. Ek het 'n keer gekyk na 'n foto wat geneem is gedurende die tweede Vryheidsoorlog, dit is geneem daar in die slagveld op die grens tussen Transvaal en Natal in die omgewing van Laingsnek - dit is 'n foto wat geneem is van 'n aantal boerekrygsmanne waar hulle lê by 'n skans wat hulle gemaak het. U weet soos ons boerekrygsmanne baie keer gedoen het - hulle het 'n sloot gegrawe of 'n skans gepak van klippe - hulle het 'n sloot gegrawe en 'n skans gepak op die rand van die sloot. Die foto wys hoe die hele aantal manne daar lê. As jy na die foto kyk sal jy sien daar is op die foto minstens drie jong seuns, tipies soos ons jong seuns in daardie tyd gedra het met die, nie die kort broekie soos ons hom vandag ken nie, maar die driekwart broekies. Jy sien op daardie foto waar die groot manne daar is, elkeen met die geweer besig om die vyand in te wag. Daar is daardie drie seuns tussen hulle. Hulle is drie van die bekende penkoppe soos ons hulle geken het in die tweede Vryheidsoorlog. Geagte vriende Ek kan nog sê my eie vader het as boerekrygsman na sy gevangeneming deur die Engelse troepe is hy aangesê om vir die penkoppe wat ook gevange geneem is om vir hulle skool te hou. Hy het vir ons baie keer vertel. Toe sê ek eendag vir hom nou ja maar vader hoekom penkoppe. Toe sê hy penkoppe, weet jy dan nie al die penkoppe wat onder sestien jaar was en wat gaan veg het, was penkoppe. Want as jy sestien jaar oud was dan het jy burger van Vrystaat of Transvaal geword maar was jy onder sestien jaar dan was jy 'n penkop. Maar hoekom penkop sê ek. Toe sy sê hy sulke penkoppe se hare is kort gesny en dan kom die hare uit soos penne - nou is dit 'n penkop. Ou oom gevra - sê dis nie reg nie. Wat is dit dan (hier het mnr. Oosthuysen tussenin gepraat) horings uitkom maak hy pennetjies.

Dames en here kyk na daardie fotos waar u hierdie jong penkoppe sien, Lees daardie beskrywing van kapt. Zeelie waar hy vertel daar naby Hoopstad hoedat hy daar by die plaas aankom van die familie Greyling hoedat hy sien toe hy daar aankom die vader Greyling gaan weg - hy was 'n kommandant - hoedat hy vinnig

na die plaashuis gaan, die moeder daar vind met 'n jong seun en 'n ou naturelle vrouebediende, en vir die seun sê waar is jou pa, toe sê hy my pa is weg. Waar is sy kommando. Ek sal nie sê nie. Toe sê kapt. Zeelie vir hom dan sal ons vir jou doodskiet. Maar ek sal nie sê nie. Toe het kapt. Zeelie die bevel gegee dat ses manne op aandag moet gaan staan met hulle gewere en die seun het hy daar teen 'n klipmuur geplaas. Ons weet vandag dat kapt. Zeelie nie van plan was om hierdie seun dood te skiet nie, maar die seun het dit nie geweet nie. Hy wou uit die seun uit dwing die inligting waar die die kommando is. Kapt. Zeelie het toe vir die ses manne gesê staan julle daar, hy sal vir ons moet sê. Dit was 'n seun van vyftien jaar - hy het daar gestaan voor die geweer-lope. Hy wou nie sê nie. Toe het die kaptein die bevel gegee dat hulle moet aanlê en die ses manne het aangelê en toe vra hy weer vir die seun: waar is die kommando. Toe kyk die seun, Japie Greyling, die mense met die gewere daar voor hom reguit in die oë en sê: ek sal nie sê nie. Toe het kapt. Zeelie gesê vir daardie manne hulle moet onmiddellik weggaan. Hy het na die seun gegaan en sy hand geskud en vir hom gesê ek wil jou gelukwens. Ek wens jou alles van die beste verder toe. Ek waardeer jou dapperheid.

~~Geagte vriende~~ Daar het u nou 'n aantal voorbeelde van sulke besondere heldedade verrig deur jong kinders uit ons geskiedenis. En wie van ons sal nie sê dit is nie vir ons aangrypend en besielend nie. Dit is mooi, dit is treffend, maar ek wil nou in die volgende plek vir u tog net die aandag daarop vestig dat ons, as ons dink aan die bydrae van die jeug in die hoogtepunte in ons geskiedenis, nie net moet dink aan hierdie indiwiduele heldedade nie. Ek moet vir u sê ek is heeltemal oortuig daarvan dat as daar vandag in Suid-Afrika 'n noodtoestand sou moes kom en ons jong seuns en dogters sal weer geroepe word om in daardie situasies op te tree, dan het ek nie die minste twyfel daaraan nie dat ons weer net dieselfde heldedade van ons jong kinders sal kry soos wat ons in die verlede gehad het nie.

Maar ons moet nie dink net in terme van die indiwiduele heldedade nie - ons moet dink aan ons jeug. Ons moet dink aan die hele omvang van ons jeug. Ek wil hierdie gedagte by ons kursusgangers baie sterk tuisbring: julle is 'n sekere groep in ons volkslewe. As 'n mens praat van 'n volksgemeenskap, of dit die Engelse volk of die Duitse volk of die Franse volk of die Afrikaanse volk is, dan

sal 'n mens jou mense indeel in min of meer vier groepe. Jy het eerstens die ouer, die bejaarde mense; die mense wat afgetree het; die mense wat hulle groot lewenstaak verrig het. Tweedens het jy jou meer gevorderde middeljarige mense; die wat belangrike posisies beklee; die wat nog vol in die tuig staan, maar wat miskien nie meer baie jare daar sal staan nie. Ons het verder die mense wat pas begin het in hulle onafhanklike betrekkinge en werke. Mense (vir wie) wat die lewe voorlê en mense wat die lewe aanvaar as 'n uitdaging. En ons het vierdens ons jeug, ons jong seuns en ons dogters, of hulle op die skool is of hulle op die universiteit is, ons jong mense wat nog nie selfstandige werke aanvaar het nie. Dit is hierdie jong mense wat in enige volk van die allergrootste betekenis is. Watter besondere heldedaad die een of die ander ookal mag gedoen het, maar dit is hierdie groot groep van die jeug wat in enige volk van die allergrootste betekenis is. Ek wil die stelling maak, en dit is die essensiële wat ek nou vir u hier wil tuisbring, ~~Ek wil die stelling maak~~ dat die volk wat nie 'n jeug het nie, daardie volk is dood. Ek wil dit nie letterlik sê wat nie 'n jeug het nie, maar as hy nie 'n jeug het nie, 'n jeug wat bewus is van sy taak nie, 'n jeug wat die moed het om 'n taak aan te pak nie, as 'n volk nie 'n daadkragtige jeug het nie, dan is hy dood. Dit geld vir die Afrikaanse volk; dit geld vir enige volk. Dit tref my twee volke, die Italiaanse volk en die Duitse volk, toe hulle die grootste glorietydperke in hulle geskiedenis ingegaan het, toe Italië en Duitsland verenig was, dit die jongmense, die jeug, was, wat voorop gegaan het, Dit was die Duitse jeug tussen die jare 1850 en 1876 wat voorop gegaan het en wat die inspirasie gegee het ook vir die ouer mense en wat 'n groot bydrae gelewer het tot die vereniging van Duitsland. 'n Volk wat nie 'n jeug het nie is dood. Daarteenoor 'n volk wat 'n lewenskragtige, 'n daadkragtige jeug het, leef en het hoop vir die toekoms. Ons hou jeugleierskursusse. Jeugleiers wat opkom en deelneem en verstandig deelneem, hulle wil iets doen en elke keer as ek dit sien soos vanaand hier, en dit spyt my dat dit nie vir my moontlik is om baie meer sulke kursusse by te woon en te open nie, ~~elke keer as ek dit sien dan~~ kry ek opnuut hoop en vertroue in die toekoms van die Afrikanervolk. Ek wil die jongmense vanaand hier bedank vir die feit dat hulle hier is; vir die belangstelling wat hulle aan die dag lê. Ons jeug is ons hoop vir die toekoms. Baie mense mag dit vir u sê, ons jongmense julle besef dit vandag miskien nog nie so duidelik nie, maar onthou dit maar, julle het 'n enorme groot verantwoordelikheid en die volk se hoop is op julle gevestig vir die toekoms. Dus nie soseer altyd die indiwiduele dade nie maar die jeug as groot geheel.

Maar nou kan u maklik vir my sê, as dit dan so is, gee dan vir ons voorbeelde van waar ons jeug in ons geskiedenis in verband met die groot momente opgetree het, en gewys het dat die jeug as geheel sy bydrae gelewer het. En daar is baie voorbeelde. Ek het netnou die voorbeelde gegee van indiwiduele persone, maar die voorbeelde van die jeug as geheel. Toe Jan van Riebeeck en sy eerste groepie volksplanters in die Kaap aangekom het, was daar 'n paar jong kinders saam met hulle, Van Riebeeck se eie kinders. Hulle het saam met hulle ouers gekom; hulle was deel van die destydse gemeenskap; hulle het saam met die gemeenskap gegroei. Ons moet altyd onthou ons jeug is nie 'n afsonderlike deel van die gemeenskap nie - hy is 'n integrerende deel. Hy is deel daarvan; hy is een daarmee; hy kan nie daarvan losgemaak word nie. Daar by die begin van ons geskiedenis, was reeds van die jong kinders saam. Gaan 'n bietjie verder, gaan daar na die Hugenote-tyd, na 1689, 1690, 1692, toe die Hugenote na Suid-Afrika gekom het, 150 in getal en brandarm. Onder daardie 150 Hugenote was daar net twee wat nie kos en klere moes gekry het nie. Hulle was brandarm; hulle het niks gehad nie. Onder hulle was daar kinders wat eenvoudig met hulle ouers saamgekom het en die lot van hulle ouers aanvaar het as ook hulle lot. Die jeug was 'n integrerende deel van die Hugenote-gemeenskap en hulle het die wel en die wee van die ouers saam met hulle gedra. En Ons het nooit 'n enkele geval gekry van 'n Hugenote-seun of -dogter wat hom losgemaak het van sy eie ouers en sy eie gemeenskap nie en wat hom ontevrede verklaar het nie - hy was een met wat daar gebeur het en hy was een met daardie gemeenskap. Daardie Hugenote-ouers het so besef die betekenis van hierdie jeug as integrerende deel van hulle gemeenskap, hulle was nog nie behoorlik gevestig nie, hulle het nog in die Stellenbosse oopveld onder hulle tydelike skermpies gesit, ~~toe gaan eis hulle~~ as van die goewerneur 'n skool vir hulle kinders. Hulle gaan soebat nie; hulle gaan vra nie; hulle gaan eis 'n skool. Die goewerneur het kwaad geword en hy sê julle is ondankbare mense, ek het julle die beste land in die Kolonie gegee en hier kom julle nou al met eise. Maar mense wat gewoond was om die dwingelandy van Lodewyk XIV in Frankryk te trotseer, sal nie aan die Kaap kom en buk en buig voor 'n Kaapse goewerneur nie. Ons mag sê hulle het eise gestel, hulle was voorbarig, maar die feit bly jy het sterk mense gehad, sterk van gees, hulle wou hierdie land tem, hulle wou hier tuis word, hulle kinders saam met hulle moes een word en hulle wou die opvoedingsgeleenthede vir hulle kinders hê. Gaan verder, neem die geval van die Groot Trek waar ons jeug as geheel opgetree het. - Nou praat

ek nie van indiwiduele gevalle nie - as geheel. Miskien het baie van u ~~kinders~~ daardie rolprent gesien Die Groot Trek of die taalrolprent Doodkry is Min wat ons F.A.K. gemaak het, en u sal gesien het die mooi uitbeelding daar van die trekkers waar hulle trek uit Kaapland, uit Uitenhage, uit Graaff-Reinet en verskillende ander plekke in Oos-Kaapland, hoe hulle uittrek, baie van daardie waens, jong seuns wat optree as touleiers, jong dogters wat help om skape en bokke aan te jaag. In die loop van die Trek sien ons hoe die jong kinders hulle aandeel neem daaraan. - Ons sien hoedat hulle aktief 'n integrerende deel van die Voortrekkergemeenskap is en nooit eenkeer ~~nie~~ sien ons dat Voortrekkerseuns of -dogters hulle losgemaak het van die Voortrekkergemeenskap nie. Inteendeel, hulle was altyd op die voorpunt. Wanneer die Voortrekkers daar kom in die Drakensberge en wanneer die ouer mense ~~begin~~ beginne mismoedig word of hulle ooit deur die berge sal heenkom of ook deur die vlieë soos hulle gesê het, ~~die vlieë,~~ die ~~tse~~ tsetsivlieë wat die beeste gesteek het dat hulle doodgaan daarvan, ~~of hulle ooit oor die berge sal kom~~, ~~of hulle ooit deur die vlieë sal kom,~~ was dit jong seuns wat weggespring het op perde en gaan verkenningswerk doen het en teruggekom het en gesê het ons het daar en daar 'n poort gevind wat ons kan deurgaan.

Ons jeug as geheel het daar in die tyd van die Groot Trek 'n enorme bydrae gelewer. Dink aan die tyd van die tweede Vryheidsoorlog, Vergeet nou maar weer indiwiduele gevalle en dink ~~nou maar~~ aan die jong seuns en jong dogters wat met hulle moeders op die plase agtergebly het toe vaders en ouer broers uitgegaan het op kommando. Dink maar aan die jong dogtertjies en die jong seuns wat saam met hulle moeders in die kampe gegaan het; dink maar aan die duisende van hulle wat ook daar omgekom het. Dink maar aan die duisende van seuns en dogters wat daar in die kampe hulle lewe gegee het. Ek weet nie hoeveel van u ~~was~~ al by die kampkerkhof op Aliwal-Noord, Norvalspont, Mtuli, Durban was nie. Gaan staan by daardie graffies, kyk na die steentjies wat daar opgesit is, primitief uitgekap, kortliks net naam en ouderdom, hoeveel is daar ouderdom 8 jaar, 9 jaar, 10 jaar. In daardie tyd ~~het~~ was ons jeug van harte saam met hulle ouers, jong seuns was in veld saam met hulle vaders en hulle ouer broers, die jonger kinders saam met hulle moeders of ~~ok~~ op die plase of hulle het rondgeswerwe op die velde of hulle was in die kampe.

En dan ~~my geagte vriende,~~ kom ons ~~kom~~ heeltemal in die moderne tyd, 1961. In 1960 het ek by geleentheid met dr. Verwoerd op Stellenbosch gesels, toe sê hy vir my hy gaan 'n volkstemming hou oor 'n Republiek. Persoonlik het ek altyd baie sterk vir 'n Republiek gevoel en ek het dit ook altyd gesê. Ek het altyd respek gehad vir die Britse Koningshuis maar ek was in hart en siel altyd, soos trouens verreweg die meerderheid van Afrikaners, republikein. Dr. Verwoerd het vir my gesê hy gaan 'n referendum hou oor 'n Republiek in Suid-Afrika. Ons het dit bespreek en ek sê toe vir hom maar is hy seker hy sal die meerderheid kry. Hy sê hy is nie seker nie maar hy dink ons het 'n baie goeie kans, dan moet ons almal inspring en ons moet veral ons jongmense aanspoor. Toe sê ek nee doktor maar dit is nie die moeilikheid nie, ons jongmense, 18 jaar oud, het ook die stemreg en kon ook stem. Ek sê ons jongmense sal stem vir die Republiek. Hy het aan my gesê hoe weet jy dit. Ek oordeel aan die jongmense soos ek hulle op my Universiteit ken; ek oordeel aan die jongmense soos ek hulle op baie ander plekke in die land ken, ek kom op baie ~~d~~ ander plekke in die land, veral vanweë die F.A.K. se werk, die jeug sal vir die Republiek stem, die jeug sal vir u steun. Hy sê wel hy dink dit ook, maar hy is baie bly om van my hierdie standpunt te kry, hy hoop van harte dit sal so wees. En daardie volkstemming oor die Republike het plaasgevind en ek sê vanaand vir u hier, as ons jeug, ons jongmense 18, 19, 20 jaar oud, as hulle nie vir die Republiek gestem het nie, het ons seker vandag nie 'n Republiek gehad nie. Maar hulle het vir die Republiek gestem en ek dank dit grotendeels aan ons jeug vandag dat ons in ~~1960~~ 1961 'n Republiek in Suid-Afrika geword het en dat ons vandag in ons geliefde Republiek van Suid-Afrika as 'n selfstandige Afrikanernasie, in ons eie vrye Republiek kan woon. Dit is vir my een van die mooiste, een van die grootste, dinge wat ons jeug vir ons gedoen het as jeug, ~~as~~ gesamelik, nie as indiwiduele gevalle nie, maar gesamelik.

~~Nou geagte vriende~~ Ek moet afsluit - ek sê vir u ons kry die indiwiduele gevalle van mooi dade, ons kry dit dat ons jeug is 'n integrerende deel van ons gemeenskap, ons kry ook die gesamelike optrede van ons jeug by belangrike geleenthede en groot momente in ons geskiedenis. Wat beteken dit van dag? U is hier onder die leuse Tot u diens Suid-Afrika. Wat beteken daardie dinge van die verlede vir ons vandag? Wat is die vereistes wat aan die jeug gestel word soos ons dit lees in die verlede? Daar is baie maar ek sal vir u vier noem:

Die eerste vereiste is die wat mnr. Bell hier genoem het by die begin: diensvaardigheid, Tot u diens Suid-Afrika, elkeen van julle moet met julle hand op die hart kan sê: ek, tot u diens Suid-Afrika. Diensvaardigheid is die eerste vereiste.

Die tweede vereiste: weerbaarheid, toegerustheid. Weerbaarheid, nou bedoel ek nie met weerbaarheid noodwendig 'n harnas nie, ek bedoel nie 'n skild wat 'n mens voor jou dra nie, maar ek bedoel geestelike weerbaarheid. Gebruik julle geleenthede om julle verstand en julle karakter te ontwikkel. Altwee saam, nie net die een of die ander nie. 'n Mens kan 'n baie goeie verstand hê maar as jy nie 'n sterk karakter het nie, as jy nie verskil kan maak tussen wat reg en verkeerd is nie, tussen die goed en die kwaad nie, dan beteken jy vir jou gemeenskap nog niks nie. As 'n mens toegerus en weerbaar is, jou verstand is ontwikkel en jy kan dinge deurgrond en jy kan jou land gaan dien met jou geestelike gawes - dit is 'n vereiste.

'n Verdere vereiste, die derde, ons moet koersvas wees. Daar is sekere beginsels wat uit ons verlede tot ons kom waarop ons nooit 'n kompromis moet maak nie. Die beginsels van ons volk, godsdienstige, morele, sedelike, sosiale, al die groot dinge. Ek gaan nie daarop in nie. Die gehegtheid aan ons godsdiens, al daardie dinge, moet ons handhaaf. Getrouheid aan ons familie. 'n Mens moet daardie koersvastheid hê wat in jou lewe gegrondves is. Ek het nou die dag gehoor dat 'n besoeker in die buiteland selfs sover gegaan het om die bestaan van beginsels te verwerp. Dit is 'n bietjie 'n wysgerige vraag - ek wil dit nie hier ontleed nie maar hy het die beginsels verwerp. Hy sê daar is nie so-iets soos beginsels nie - hy sê 'n mens is maar so as jy 'n sekere situasie het dan kyk jy wat is die beste, wat betaal jou die beste, jy kyk wat is die maklikste en dan handel jy so. Nee, dit is nie so nie. Ons as Afrikanerjeug het sekere beginsels wat uit ons huise en uit ons verlede tot ons kom. Ons moet koersvas wees op die basis van daardie beginsels.

En die vierde en die laaste wat ek ook net wil noem, ek wil dit beklemtoon veral vir ons kursusgangers. Julle weet daar is waarskynlik geen ander indiwiduele eienskap in die menslike maatskappy wat so mooi is nie en wat so waardevol is nie, as lojaliteit nie. Getrouheid, getrouheid aan mekaar, getrouheid aan jou volk, getrouheid aan jou land, getrouheid aan jou mense. Lojaal.

Een van ons groot historiese figure het eenkeer gepraat oor die ondersteuning wat hy gekry het van sy mense en hy het in kinderlike opregtheid gesê: ek dank julle vir julle vriendskap; ek dank julle bowenalles vir julle lojaliteit, vir julle getrouheid. Dit is die vier groot dinge wat ons moet onthou dink ek. Dit is die vereistes vir die toekoms

Toe ek 'n kind was het ek eenkeer gery saam met 'n oom van my daar in Aliwal-Noord, Noord-oos-Kaapland, daar in die deel van die land waar ek gebore is. Ons ry van Jamestown na Aliwal-Noord en dit is 'n koue winteroggend en ons ry met 'n perdekar; dit is yskoud, die klappie is voor toegeknoop en die oom vertel my van allerhande ~~xxxxxtoexdaarxin~~ dinge o.a. van die tyd toe in daardie deel van Kaapland die Vrystaatse burgers daar ingetrek het, Kaapland ingeval het, En soos ek gesê het my eie vader was ook saam met die Vrystaatse burgers ofskoon hy toe nog nie Vrystaatse burger was nie. Toe vertel die oom vir my: hier het hulle ingekom, hier oor die pad gekom en so getrek en hier waar ons nou verby ry daar is 'n graffie. Hy vertel my toe die geskiedenis van die graffie. Daar het 'n klompie Vrystaatse burgers ingetrek en daar was 'n jong seun saam met hulle. Die Engelse troepe het ook ingekom, 'n baie groot oormag, daar het 'n geveg plaasgevind en daardie Vrystaatse burgers is teruggedruk en teruggedruk, maar hierdie ~~xxxxx~~ seun het op sy plek bly lê met die geweer. Die kommandant het naderhand die bevel gegee dat hulle moet terugtrek, maar hy het dit nie gehoor nie en hy het bly lê daar. Die vyand het opgetrek en hy is gewond. Toe het daar versterkings vir die burgers gekom en hulle het weer die vyandige magte teruggedruk totdat hulle naderhand by hierdie seun uitgekom het, daar waar hy lê in die plekkie waar hy homself ingegrawe het en toe was hy gewond en sterwend. ~~Hy sê~~ Toe ~~vir~~ die kommandant wat by hom kom, ~~toe die~~ en hom optel en sien dat hy sterwend was, sê die kommandant vir hom het jy baie pyn, Toe ~~sy~~ sê hy ja kommandant ek het baie pyn. Hy sê: ek sal nie meer lewe nie, maar kommandant sê my een ding, dit moet ek weet, was ek getrou gewees. Daardie jong seun is oorlede en hy is daar begrawe .

Laat ons die hoë vereistes wat aan ons gestel word as jong Afrikaners, baie ernstig opneem. Laat ons altyd vir ons op die toets stel, is ons getrou. As die dag mag aanbreek dat ons voel ons taak is afgehandel en iemand sou by ons kom en vir ons sê het jy baie pyn en jy sou sê ja ek vrees ek sal sterwe, dat jy altyd nog kan vra maar sê vir my was ek getrou gewees. En jy vra nie so 'n

vraag nie as jy nie weet ~~nie~~ jy het jou bes gedoen om getrou te wees nie.

As ek dink aan die bydrae van ons jeug tot ons volksgeskiedenis in die groot momente van ons volk dan sien ek daarin eerstens 'n reeks van groot, pragtige, besielende heldedade. Ten tweede sien ek hoedat ons jeug 'n integrerende deel is van ons gemeenskap. Dié deel waarsonder ons volk dood sou wees. Ten derde sien ek in die groot momente van ons geskiedenis talle van voorbeelde waar ons jeug as 'n eenheid opgetree het en as 'n eenheid bewys gelewer het dat hy sy taak verrig het. En ten slotte lees ek in ons jeug se bydrae van die verlede, in hierdie groot momente, of dit indiwiduele gevalle was en of dit ons jeug as hele groot groep was, ~~sien ek~~ hoedat hulle voldoen het aan groot vereistes wat hulle in staat gestel het om te doen wat hulle wel bereik het. My bede is vir hierdie kongresgangers van ons dat ons in staat sal wees om ook wanneer dit ons beurt mag wees ~~ook~~ ons deel te doen. Dat ons aan die vereistes sal voldoen. Dat ons bowenalles toegerus sal wees; dat ons getrou sal wees; dat ons toegewyd sal wees, dat ons koersvas sal bly. As hierdie kursus vir ons 'n bydrae lewer vir ons jong kursusgangers om die erns van hierdie dinge te verstaan, dan is ons kursus 'n baie groot sukses. As julle hier sou weggaan net met die herinnering, dit was interessant en dit was mooi, as dit al is, sou dit beter gewees het as julle nie hier gewees het nie maar as julle weggaan in die besef dat ons het daar iets geleer, ons het iets geleer van die groot waardes en betekenis wat uit die verlede tot ons kom, dan sal ons kursus dubbel en dwars die moeite werd gewees het.

Kan ek afsluit met 'n gebeurtenis wat in hierdie verband pas, wat vir my en my eggenote by 'n sekere geleentheid geweldig aangegryp het. Enige jare gelede het ons 'n besoek gebring aan die Staat Israel, die Staat wat die Jode opgebou het vir hulle nuwe vaderland. Daar het my vrou en ek baie keer vir Jode gevra, verskeie van die Jode kom uit Suid-Afrika, waarom het julle hier na Israel toe gekom, 'n land waar daar so baie gevare is. En by een van die gemeenskapsplase in die Noorde van Israel, daar naby die Bybelse berg Tabor, ontmoet ons 'n klompie jongmense wat daar op 'n gemeenskapsplaas boer. Party sommer nog jong kinders. Ek vra vir een oudjie: julle woon hier in die Noorde van Israel, dit is verskriklik gevaarlik, julle moet elke dag gewapen op die lande werk, is julle nie jammer julle het ooit hiernatoe gekom nie? Toe sê die jong man vir my 'n mens kan nou so dink maar u weet tog as daar 'n orkaan kom dan ~~(sal)~~ is

die senter van die orkaan die veiligste. Dink na oor die vertroue wat daardie jong man het. 'n Ouer man, 'n ou Rabbi, oorspronklik van Oudtshoorn, toe ek met hom praat en vir hom sê: Rabbi u is nou hier - wat het gemaak dat u na Israel gekom het? Toe sê hy vir my, hy praat Afrikaans soos ons Afrikaans praat, ek het maar gekom om my bydrae ook te lewer aan die opbou van die Joodse Staat. Ek sê baie keer voel ek ook ek wil iets doen maar ek verlaat nie my geboortegrond nie, ek verlaat nie die land waar ek dit so maklik het nie, maklik gehad het en waar ek 'n florerende besigheid gehad het en my ouers ryk was en waar ek gelukkig gelewe het nie. Ek kom nie na 'n land vol gevare soos hier nie. Toe sê hy ja maar ek het ook maar gekom om my bydrae te lewer. Toe sê ek vir hom wel ek verstaan dit nie. Ek sien nie genoeg rede waarom jy Suid-Afrika verlaat het om hier te kom nie. Toe kyk die Jood my reguit in die oë en sê vir my: prof. kyk ek het gekom na Israel toe, waarom ek gekom het kan ek nie beter sê as wat ek gesê het nie, maar ek het gekom miskien was ek mal dat ek gekom het. Ek het nie geweet nie of ek moet lag nie en of ek ernstig moet reageer nie want hy sê miskien was ek mal dat ek gekom het. Voordat ek kon antwoord sê hy: maar sê vir my, julle Voortrekkers wat die binneland van Suid-Afrika ingegaan het met al sy gevare en sy moeilikhede, hulle met hulle klein klompie, was hulle nie miskien ook mal dat hulle gegaan het nie. Maar die geskiedenis het vir ons die vrugte laat pluk en dit was sy woorde.

Mag ons kursus vir ons inspireer om ons diensvaardiglik te stel in die diens van Suid-Afrika, om ons toe te rus vir die toekoms, om ons koersvastheid te gee in ons alledaagse lewe en bowenalles om ons lojaliteit te gee teenoor mekaar, lojaliteit teenoor ons mense, lojaliteit bowenal teenoor die Republiek van Suid-Afrika.

* * * * * * * * * * *